Lidmate wat hul gawes gebruik: ’n Evaluering van die gawekursusse

***Erik Basson,** leraar van die NG gemeente Vredenburg vergelyk hier ’n paar van die gawekursusse wat gemeentes kan help om lidmate te bemagtig om hulle gawes te gebruik.*

Op die kerklike toneel, soos op vele ander terreine van die lewe, het daar ook skuiwe plaasgevind. Lidmate is en dink op baie gebiede anders as vroeër: die demokratisering van die samelewing vind geleidelik al hoe meer plaas; daar bestaan ’n gesagsopvatting wat meer waarde- as reël-gebonde is; selfaktualisering is vir baie nou ’n aanvaarde manier van lewe. Dit stel die kerk voor nuwe uitdagings en noodsaak dat daar ’n lewende bediening deur lidmate in en buite die gemeente sal wees. Lidmate moet op hierdie pad begelei word. Eintlik is dit niks anders as om die amp van die gelowige op ’n eietydse manier tot sy reg te laat kom nie. Dit vra dat lidmate hul roeping besef en in gehoorsaamheid aan die Here hul gawes tot Sy eer en voordeel van ander sal uitleef.

Om hierdie uitdaging te aanvaar, hou vele winspunte in. Die ampsteologie het gestagneer in die ouderling en diaken. Om lidmate nou te help om hul gawes te gebruik, skep nuwe bedieningsgeleenthede. In plaas van enkeles wat al die verantwoordelikheid dra, is daar nou ’n veelvoud van lidmate wat met entoesiasme en oortuiging doen wat die Here hulle op die hart gelê en met gawes begenadig het. Die sinloosheid van mense se bestaan kan gevul word met betekenis, vreugde en dankbaarheid.

Tog skuil daar ook gevare op die pad van gawebedieninge wat goed onder oë gehou moet word. Subjektivisme en individualisme is maar altyd te gereed om weer by die agterdeur in te kruip. Die klem moet veel eerder wees op die gemeentelike gebruik van die gawes, as die persoonlike ontdekking daarvan. Gawes behoort eerder bevestig te word wanneer lidmate saam besig is met dienslewering. Nog ’n gevaar is dat daar by sommige leiers die vrees mag bestaan dat hulle langs die weg van die gawebedieninge “beheer verloor” oor lidmate. Dit mag goed wees vir hulle om weer oor die rol van leiers te besin en ook te onthou dat lidmate verkies om nie “gesê” te word nie, maar uit eie oortuiging betrokke wil raak op terreine van eie keuse.

Daar is verskeie kursusse wat gemeentes kan help in die bemagtiging van lidmate om hul gawes te gebruik. Hier volg ’n oorsigtelike opsomming van sommige aan die hand van ’n elftal vrae. Dit is ’n poging om te help om ’n meer ingeligte keuse te maak in terme van die plaaslike behoeftes en omstandighede.

	NETWERK *	THE THREE COLOURS OF MINISTRY *	PILGRIMAGE PROJECT *
1. Waar kom die kursus vandaan?	Willow Creek Community Church, Chicago, Amerika – o.l.v. Bruce Bugbee, Don Cousins en Bill Hybels.	Natural Church Development in Duitsland o.l.v. Christian Schwartz – ’n Lutheraanse agtergrond, maar interkerklik.	John en Adrienne Carr, ’n Amerikaanse egpaar wat na jare lange bediening en klasgee by Emory Universiteit in Atlanta, die kursus opgestel het.
2. Waarom is die kursus opgestel?	Om die gemeente te help om as liggaam van Christus te funksioneer en die gawes wat daar is te ontdek en dit aan te wend. Ook om lidmate te bemagtig.	Die kursus vorm deel van ’n omvattende teorie oor hoe gemeentes funksioneer, waarin daar groot klem geplaas word op die deelname van lidmate aan kerk-wees.	Aanvanklik om predikante wat aan uitbranding gely het, te help. Later is dit aangewend om lidmate te help om ’n belewing van God se teenwoordigheid en roeping in hul lewens te ervaar.
3. Wie is die teikengehoor?	Gewone lidmate en elke nuwe lidmaat.	Almal met ’n behoefte om te ontdek op watter wyse hulle hul gawes beter kan benut in diens van die kerk.	Lidmate wat erns maak met hul geloof en hunker na ’n beter verhouding met die Here en ’n meer sinvolle “aanwending” van hul lewe.

4. Wat is die lengte van die kursus aanbieding?	8 sessies van 2 uur elk, maar dit kan ook aangepas word.	4 geleenthede van 90 minute elk oor 4 weke aangebied.	9 sessies van 90 minute elk, of die eerste 5 oor ’n naweek en die res afsonderlik daarna.
5. Wat is die formaat van die kursus?	’n Kombinasie van lesings, video’s, groepwerk en self-studie.	“Roundtable”-gesprekke en lesings met selfstudie en oefening waarin lidmate meer van hulself leer.	Die deelnemers – en leiersgids is in fyn besonderhede uitgewerk. Feitlik geen lesings. Hoofsaaklik medewerksaamheid in klein groepe.
6. Wat is die teologiese onderbou van die kursus?	Werk met ’n “gawe-teologie” vanuit ’n nie-charismatiese gesigshoek. Buitengewone gawes word eintlik net genoem. Klem val op alledaagse funksioneel bruikbare dienslewering.	Die kursus werk vanuit ’n Lutherse agtergrond, mat invloede van die Church Growth Movement in VSA, maar is nie vreemd aan die Gereformeerde Teologie nie.	Hoofstroom Prote-stants. Roeping lê waar jou persoonlikheid (aanleg), jou geskiedenis (jou voorbereiding) en God se “roeping” en jou lewe mekaar kruis.
7. Wat is die sterkpunte van die kursus?	Eenvoudig en verbruikersvriendelik. Katalisator vir ’n liggaamsmodel. Bemagtig lidmate. Diensgeoriënteerd. Kan deur lidmate gedryf word. Deurbreek stereotipe oor “charismatiese” gawes. Onderskeid van Passie (waar), Genadegawe (wat) en Styl (hoe) is baie nuttig.	Gawes word vanuit die Triniteit verstaan. So word ruimte vir verskillende geaardhede gemaak. Dit bring die besef van die omvang van gawes, die verskeidenheid, hoe nodig al die gawes is en op watter wyse dit mekaar aanvul.	Goeie teologie, selfwerksaamheid – leer deur te ontdek. Mense help mekaar en kry so ’n nuwe begrip van hul geskiedenis en kan pastoraal gehelp word om negatiewe ervarings uit verlede te verwerk. Lidmate kan dit ook aanbied.
8. Waar is die leemtes?	Aanvangskoste is dalk hoog. Die “Implementation Guide” om lidmate gemeentelik in te skakel, is nie voldoende nie. Daar is vrae oor die meetinstrumente. Die Afrikaanse vertaling is nie altyd na wense nie. Die kursus word soms as ’n kitsresep gesien.	Daar word nie genoeg leiding gegee op watter wyses lidmate wat hul gawes ontdek by gemeentebedieninge ingeskakel kan word nie.	Die kursus fokus eerder op roeping as gawes. Dit dui eerder die algemene rigting aan waar gawes mag lê. Gawes is implisiet in die kursus.
9. Wat is die uitlegkoste van die kursus?	R700 vir die pakket van transparante, gidse en video’s. Deelnemersgids kos R55.	R75 per deelnemer en sluit kursushandleiding in.	Handleiding en kursusboek kos elk R30.
10. In watter taal is die kursusmateriaal?	Deelnemersgids is in Afrikaans. Die res is in Engels.	Engels	Afrikaans
11. Wie kan gekontak word vir meer inligting?	Willow Creek-kantoor in Pretoria (012) 665 4688	Johan Kotze in Durbanville (021) 975 5983	Buvton, Stellenbosch (021) 808 3624

* Dank aan Braam Hanekom, Ian Nell en Coenie Burger vir dié inligting.

Die kursus van die Carr’s kan ’n goeie algemene voorbereiding wees. Dit mag lidmate help om meer bewus te raak van hul roeping en die algemene rigting waarin hul gawes lê. Die Netwerk en “Three Colours of Ministry” kursusse kan as alternatiewe tot mekaar gebruik word om lidmate te help om ’n meer spesifieke aanduiding te kry van wat hul gawe(s) is. Hoewel die kursusse uit ’n effe ander stal as ons kerklike tradisie kom, kan hulle met groot vrug gebruik word.

Gawekursusse moet nie as ’n kitsoplossing aangewend word wat alles sal regmaak nie. Wanneer dit gebruik word in ’n deurdagte gemeentevernuwingsprogram en as ’n geleentheid om lidmate in hul verhouding met die Here te bou, kan dit veel vrug dra. Daar moet ook veral doelgerigte moeite gemaak word om lidmate wat bemagtig is, by gemeentelike (en ander) bedieninge in te skakel.